DR. A. C. DROGENDIJK, *Man en Vrouw voor en in het Huwelijk. Een Boek over het sexuele Leven voor Gehuwden en Verloofden*, 6de druk, J. H. Kok N.V., Kampen, 1955. 223 bls.

Hierdie boek het sedert sy verskyning 'n baie wye en goeie ontvangs geniet, veral in Gereformeerde kringe, soos die feit dat die sesde druk nou verskyn, ook getuig. Die boek verdien dit ook.

Die titel en subtitel sê reeds genoeg waaroor dit gaan. Vanuit Christelike standpunt, in baie gevalle ook spesifiek Gereformeerde standpunt, word die geslagsverhouding in besonderhede na alle kante bespreek. Die skrywer het baie moeite gedoen om werklik gesaghebbende uitsprake oor die verskillende probleme te doen. Hier en daar doen die outoriteite wat hy aanhaal, 'n mens 'n bietjie eienaardig aan, b.v. wanneer hy Solon, Zoroaster, Mohammed en Luther aanhaal oor die vraag hoe dikwels geslagsomgang kan plaasvind. (p. 118). Ten spyte hiervan gee die skrywer betroubare leiding.

Wat baie aangenaam is en wat in skerp teenstelling staan tot so veel ander boeke, ook Christelike boeke, oor hierdie onderwerp, is die feit dat die skrywer die nodige inligting onomwonde en in die nodige besonderhede gee, maar dit op so'n manier doen dat hy altyd nugter en saaklik bly en nooit prikkelend word nie.

In sommige opsigte kan 'n mens beswaar maak teen die skrywer se standpunte. As voorbeeld noem ons net die feit dat hy dit as sonde beskou en in stryd met Gods wil as die geslagsdaad voltrek word terwyl verhoed word dat bevrugting plaasvind. Die koninklike weg om te gaan wanneer bevrugting vermy moet word, is onthouding. Met 'n beroep op 1 Kor. 7 is die skrywer egter bereid om te erken dat onthouding nie altyd moontlik is nie. Watter weg om dan te bewandel en oor die toelaatbaarheid van voorbehoedsmaatreëls wat vir die Christelike gewete aanvaarbaar is, kan die skrywer nie besluit nie. Hy gee die indruk (p. 187) asof hy die weg verkies dat die geslagslewe maar sy gang moet gaan en ons die gevolge in geloof aan Gods genade moet oorlaat. Tot so'n impasse kan die skrywer alleen kom deurdat daar vir hom nog altyd iets minderwaardigs en onaanneemliks (indien nie sondigs) skuil in die geslagsdaad as sodanig.

Die boek is sterk aan te bevele, ook by ons jeug.

P. S. DREYER.

* * *